CARNEGIE NAVORSINGSRUIMTE

JS GERICKE BIBLIOTEEK

Biblioteek- en Inligtingsdiens

Library and Information Service

UNIVERSITEIT STELLENBOSCH UNIVERSITY

Poste: Navorsingsruimte Assistente 2018

Die Biblioteek nooi hiermee senior studente (gevorderde meesters- of doktorale studente), met 'n sterk belangstelling in navorsing, om aansoek te doen vir poste as Navorsingsruimte Assistente in die Carnegie Navorsingsruimte. Van suksesvolle kandidate sal verwag word om nagraadse studente in die Navorsingsruimte by te staan met algemene navorsingsondersteuning, IT foutopsporing, bibliografiese navrae en ander aktiwiteite.

Die Carnegie Navorsingsruimte is 'n navorsingsomgewing vir eksklusiewe gebruik deur meesters- en doktorale studente en navorsers. Die hoofdoel van die Navorsingsruimte is om die Biblioteek se bydrae tot nagraadse studie en navorsing te verbeter deur 'n bevorderlike omgewing vir navorsing te verskaf. In dié omgewing kan navorsers in seminaarkamers en gesprekslokale gesprek voer en debateer, in die gemaklike sitarea ontspan of in selfstudie verdiep.

Vereistes:

- Voltydse meesters- of doktorale student (meesters studente moet asseblief reeds in ten minste hul tweede jaar van studie wees)
- Uitstekende rekenaarvaardighede
- 'n Sterk verantwoordelikheidsin / eienaarskap neem
- Uitstekende interpersoonlike vaardighede en diensingesteldheid
- Uitstekende kennis van sagteware pakette soos MS Office, die Windows omgewing, die Internet en die biblioteek se rekenaarkatalogus (SunSearch) en ander elektroniese databasisse
- Beskikbaar om ongeveer 15-20 uur (3 skofte) per week te werk
- Beskikbaar om die verpligte opleidingsprogram by te woon: 25-26 Januarie 2018.

Onderhoude: Middel November
Dienstermyn: 8 Januarie 2018 tot 14 Desember 2018
Vergoeding: Ongeveer R51.00 per uur (maandeliks)
Aansoeke: Stuur asseblief 'n CV en dekbrief, waarin die kandidaat sy/haar geskiktheid vir die pos beklemtoon, aan Pepler Head, per e-pos peplerh@sun.ac.za.
Sluitingsdatum vir aansoeke: **Maandag, 6 November 2017**
Navrae: Pepler Head, 021 808 2125